# Huishoudings se finansies lyk gesonder

## Plaaslike ekonomiese nuus: Julie 2010

**Deur Tendani Mantshimuli, verbruikersekonoom, Liberty**

Kyk 'n mens terug oor die eerste helfte van hierdie jaar, kan jy met aansienlike sekerheid tot die gevolgtrekking kom dat die ekonomie redelik goed gevaar het.

Die land het met vasberadenheid uit 'n resessie beweeg met 'n indrukwekkende groeikoers van 4.6% vir die eerste kwartaal van die jaar. Maandelikse gegewens soos motorverkope, asook kleinhandel - en vervaardigingsyfers is 'n aanduiding dat ons, hoewel dit teen 'n stadiger pas as in die eerste kwartaal sal wees, tog voortgesette positiewe groei sal sien. Dit is in lyn met besigheids- en verbruikersvertroue-aanwysers wat in onlangse maande afwaarts geneig het.

### Hoër huishoudelike besteding

Verbasend genoeg lyk dinge goed aan die bestedingskant, ondanks die onderliggende swak vraag na krediet en die lae indiensnemingsyfers. Volgens die syfers wat in die mees onlangse kwartaallikse bulletin van die SA Reserwebank bekendgemaak is en wat op die eerste kwartaal van die jaar betrekking het, het die groei in huishoudelike besteding versnel van 1.6% aan die einde van verlede jaar tot 5.7% vir die eerste kwartaal van hierdie jaar. Huishoudelike besteding word in die algemeen gefinansier òf deur besteebare inkomste òf algemene huishoudelike welvaart en krediet.

### Huishoudelike inkomste styg

Ondanks werkverliese in die eerste drie maande van hierdie jaar, het huishoudelike besteebare inkomste aanhou groei van 1.6% tot 5.7% danksy die algemeen hoër verdienstevlakke. Met die steeds swak vraag na krediet by huishoudings, het die bykomende hupstoot in besteding hoofsaaklik gespruit uit beter welvaart-vooruitsigte, wat veral gebaat het by die goeie vertoning van aandele in die eerste kwartaal van die jaar. Daar was 'n betekenisvolle toename in besteding aan duursame artikels soos nuwe motors en ontspannings-/vermaaklikheidstoerusting, sowel as aan half-duursame artikels soos klere en skoene. Die verbetering in die huishoudelike vraag sal 'n positiewe uitwerking op die ekonomie hê, omdat huishoudelike besteding 'n aansienlike deel van die nasionale opbrengs uitmaak. Sover was die groei slegs aan verskafferskant sigbaar, maar ter wille van volhoubaarheid moes die bestedingskant ook sy kop oplig.

### Huishoudelike skuld daal

‘n Ander positiewe aspek wat uit die *Bulletin* blyk, is dat huishoudelike skuld, as ‘n persentasie van die besteebare huishoudelike inkomste, steeds afwaarts bly neig. Die verhouding het van einde verlede jaar van 79.9% gedaal tot 78.4% teen die einde van die eerste kwartaal van hierdie jaar. Intussen word verwag dat skuldvlakke wat steeds baie hoog is, gedurende 2010 sal bly daal aangesien die vraag na krediet steeds ongekend laag is. Die huidige lae rentekoerse en die lae inflasie-omgewing sal dit vir huishoudings makliker maak om te werk aan die verlaging van skuldvlakke.

## Spaarpogings verbeter nie

Dit is ietwat kommerwekkend om op te merk dat die nasionale spaar-tendensie as ‘n persentasie van die bruto binnelandse produk (BBP) marginaal gedaal het van 16.3% tot 16%. Op sigwaarde lyk dit asof die afname op ‘n kwartaal-op-kwartaal grondslag negeerbaar is, maar dit is eerder die langtermyn lae spaarkoers wat op ‘n gebrekkige spaarkultuur in ons land dui. Tydens Julie, wat nasionale spaar-maand is, word elke Suid-Afrikaner aangemoedig om te spaar. Die netto spaarpoging deur die huishoudelike sektor was volgens die jongste beskikbare syfers op ‘n jaarlikse basis in 2009 steeds negatief, wat daarop dui dat ons meer geneig is om ons besteebare inkomste te verbruik as om dit te spaar. Gevolglik het huishoudelike spaarpogings in verhouding tot die BBP met net 1.6% toegeneem.

## Ons het spaargeld nodig om vir ons infrastruktuur te betaal

Daar is al baie gepraat oor die uitstekende infrastruktuur wat Suid-Afrika ter voorbereiding van die Fifa Wêrelebekertoernooi, wat op die oomblik nog aan die gang is, daargestel het. Daar word algemeen aanvaar dat hierdie ‘teen-sikliese’ kapitaalbesteding deur die regering gehelp het om die diepte en felheid van die ekonomiese resessie se uitwerking op Suid-Afrika tot die minimum te beperk. Dit is egter belangrik om daarop te let dat kapitaalbesteding of vaste beleggings deur huishoudelike spaargeld gefinansier word. As huishoudelike spaarpogings nie voldoende is nie, dan steun ons op buitelandse spaargeld hiervoor, wat dan weer in die lopende rekening-tekort gereflekteer word. Spaarpogings help dus nie net individuele verbruikers om beheer te neem van hul finansies nie; dit dra ook daartoe by om die land minder afhanklik te maak van buitelandse spaargeld om noodsaaklike vastebelegging-besteding wat vir toekomstige ekonomiese groei benodig word, te finansier. Op die oomblik word die grootste gedeelte van Suid-Afrika se spaarpoging deur die korporatiewe sektor en, in mindere mate, deur die regering gedra. Dit is belangrik dat dit aan die kant van huishoudings ook verbeter word.

*“Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.”*